Delwerye (b)

Graad 5

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. As Afrikanerkind, bewus te maak van sy herkoms en sy volk se verlede.
2. Te laat trots voel op wat sy volk bereik het.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet saam met die Offisier op **EEN** van die **twee** afdelings besluit en voldoen aan al die vereistes van daardie afdeling.

DIAMANTE

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. **Een** van die volgende drie verhale goed ken en kan oorvertel:
   - Ontdekking van diamante by Hopetown.
   - Ontdekking van diamante by Lichtenburg.
   - Ontdekking van diamante by Kleinzee.
2. Inligting versamel oor die lewe op die delwerye.
3. Die verhaal van die Groot Gat by Kimberley ken.
4. Minstens vyf interessante feite van diamante ken.
5. Die name, herkoms en huidige posisie van minstens drie bekende diamante ken.
6. Op ‘n kaart invul waar ‘n oop myn, ‘n diep myn en spoeldelwerye in Suid-Afrika voorkom.
7. Weet wat die volgende woorde beteken: karaat, kleim, spoeldiamant, nywerheidsdiamant, sierdiamant en kimberlietpyp.
8. As groep ‘n model van ‘n delwersdorpie bou en sy teoretiese kennis hier toepas.

2. GOUD

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Die verhaal van **een** van die volgende twee goudvelde ken en kan oorvertel:
   - Oos-Transvaal – Pelgrimsrus.
   - Die Witwatersrand.
2. Inligting versamel oor die lewe op die delwerye.
3. Moet oor elementêre kennis beskik van die "bou" en "werking" van 'n goudmyn.
4. Die verhale ken van die "Burgerponde” en “Veldponde"
5. Die ligging van die goudboog op 'n kaart van SA kan aandui.
6. Die betekenis ken van die volgende woorde:
   Skag, koekepan, prospekteerder, kleim, konglomeraat, kwartsgoud, skagtoring, riwwe, fortuinsoeker, erts, "stope", ontvlambare gas.
7. Minstens vyf interessante feite van goud ken.
8. Saam met die groep of span 'n delwersdorpie bou waar die kennis wat opgedoen is, toegepas word.

C AANBIEDING

1. Hierdie spesialisasie kan baie interessant aangebied word mits die aanbieder goed voorbereid is.
2. Begin deur op ‘n landkaart aan te dui waar goud of diamante ontdek is.
3. Die lewe op die delwerye kan in gesprekvorm oorgedra word. Rolspel kan ook baie prettig wees as hulle reeds bietjie meer weet.
4. Foto’s of ‘n model van Kimberley se Groot Gat of ‘n model van ‘n skag van ‘n goudmyn sal ook help om die storie in te kleur.
5. Vereiste 7 by diamante en vereiste 6 by goud: Die aanleer van hierdie woorde kan met twee stelle kaarte gedoen word. Op die een stel die woord en die ander stel die betekenis. Verskillende speletjies kan met hierdie kaarte gespeel word.
6. ‘n Praktiese toepassing: Begrawe lekkers op ‘n oop stuk grond, laat elke spanlid vir hom ‘n kleim afsteek en delwe. Onthou al die diamante was nie ewe groot nie en alle kleims was nie ewe ryk nie.